# AFRIKAANS

**Paper 9679/01**
**Speaking**

There were too few candidates to inform the production of a meaningful report.



© 2017

# AFRIKAANS

**Paper 9679/02**
**Reading and Writing**

## Key messages

In order to do well in this examination, the candidates should:

- focus on the requirements of each of the questions and communicate it as precisely as possible
- convey the information in their own words and in unambiguous language
- proofread their responses very carefully.

## General comments

In **Question 1** candidates were asked to find synonyms within a specified portion of the text to match the word given in the question, with most candidates achieving full marks. In **Question 2** candidates were required to rewrite a given sentence to show their ability to manipulate syntax accurately. Only **Questions 2(b)** and **2(e)** very occasionally were found to be challenging.

There were many very good marks for both **Questions 3** and **4** questions, with some candidates making good use of the high-value questions to boost their scores.

Candidates who followed instructions scored well on **Question 5(a)**, with a number achieving full marks. Candidates who answered **5(b)** did very well as the topic was within their frame of reference. They referred to their own areas within the southern African context and gave their own opinions.

It was found that very few candidates copied large parts of the texts in their answers for **Questions 3**, **4** and **5**. Candidates should be reminded that they may only quote directly from the texts when they are specifically required to do so in a particular question. Candidates consistently achieve better marks when they attempt to answer questions in their own words.

Overall, Examiners found a good spread of marks across ***Sections 1*** and ***2*** of the examination paper.

Weaker scores for ***Section 2*** were usually a result of candidates not addressing the sense or meaning of the language used in the texts.

## Comments on specific questions

***Section 1***

**Question 1**

Examiners were pleased to note that most of the candidates read and carried out instructions correctly.

**(a)** The question was well done by most of the candidates.

**(b)** Most of the candidates answered this correctly.

**(c)** This question was generally well answered.

**(d)** This question was generally well done.


© 2017

**(e)** Many candidates answered this question correctly, with a very few offering "*aangeleer*", which did not suit the context.

**Question 2**

It was noted that the candidates understood the objective of the question and were well prepared. Centres are reminded that candidates need to keep the sense of the original while changing the word order as required.

**(a)** The candidates answered this question well, recognising the present tense and the re-arranged word order required in the compound sentence.

**(b)** This question was reasonably well answered with many candidates recognising that the punctuation mark provided in the initial phrase controlled the subsequent word order.

**(c)** This question was answered very well by most candidates who recognised the required word order for the infinitive.

**(d)** Most candidates answered this question correctly. Candidates should, however, attempt to keep the same tense.

**(e)** This question, requiring use of the passive voice, was well answered by most of the candidates.

**Question 3**

The format of answering on allocated lines worked well. In some cases the candidates used the spaces at the end of the section or on the blank pages at the end of the booklet to complete or rewrite the correct answers. It was appreciated when candidates indicated where to find the answers by giving a page number next to an asterisk in the margin next to the question that they had crossed out.

**(a)** This question was well answered.

**(b)** Many candidates recognised the idiom and gave the explanation within the context correctly.

**(c)** Many candidates answered this correctly, identifying the reference to the use of "*Engels*".

**(d)** Many candidates identified both similarities and differences in discussing the two families' attitudes to Afrikaans.

***Section 2***

**Question 4**

**(a)** Most candidates answered this question correctly, recognising and interpreting the required information well within the required paragraph.

**(b)** This question required candidates to reason through the need for schools to support Afrikaans, but within the context of the reading text and not based on their own opinions.

**(c)** Many candidates handled this question very well, discussing methods to further the use of Afrikaans.

**(d)** This was a well answered question as many candidates understood the importance of "*wedersydse respek*" and its wider meaning within the context of the reading text.


© 2017

**Question 5**

Candidates who answered the questions appropriately usually scored well.

Candidates may use the extra blank pages to plan their responses, which is highly recommended, but they must remember to cross out their planning.

**(a)** A variety of approaches was possible, and Examiners were primarily concerned with candidates showing knowledge of the differences and similarities of the opinions or attitudes expressed in the two texts concerning the present and future of Afrikaans.

Many candidates handled this question very well.

**(b)** Overall, the candidates handled this question very well.

Centres are encouraged to point out to candidates that their answer to this question always needs to be linked to, and placed in the context of, a country where the target language is commonly used, i.e. Namibia or South Africa.


© 2017

# AFRIKAANS

**Paper 9679/03**
**Essay**

## Key messages

In order to do well in this examination, candidates should:

- choose a title on which they have something to say and for which they have command of appropriate structures and lexis
- plan their essay to produce well-structured and persuasive arguments
- write complex sentences when appropriate but without losing the thread of the argument.

## General comments

Most candidates attempted **Questions 1**, **2**, and **3**. Overall, candidates appeared well-prepared in terms of the wider topic areas, and were able to consistently apply sound essay writing techniques to their answers, in particular with reference to introductions and conclusions. Some candidates worked especially hard at incorporating interesting and idiomatic language into their writing; their effort was generally rewarded, as long as the idiom was appropriate to the context.

## Comments on specific questions

### Question 1

Candidates generally understood the question and applied relevant knowledge in their essay. Content marks ranged widely, however. Weaker scripts often focused exclusively role played by parents, resulting in shorter and less engaging essays, whilst stronger essays were able to highlight a much wider range of related issues. Some prepared essays were presented which focused on different types of diets and associated health benefits without properly addressing the question at hand. Some of the weaker and stronger essays were hampered by an overreliance on presenting facts and figures which were not coherently linked with the argument, and many of these essays struggled with repetition.

### Question 2

Candidates understood the question very well and many were able to reflect on their personal experience of both schooling systems. This universally benefitted both stronger and weaker essays, both in terms of their use of language and their content.

### Question 3

Candidates generally understood the question and often wrote convincing essays on this topic.

### Question 4

Candidates generally understood the question and applied relevant knowledge when answering. Candidates attempting this question were able to engage easily with a wide range of sub-topics, often resulting in well-argued and interesting answers reflecting on the current state of education, welfare, and social mobility in both South Africa and other countries.

### Question 5

Candidates generally appeared well prepared for the wider topic in terms of facts and statistics, but some seemed less able to tie their knowledge in with the question at hand. Most essays were very good, however.


© 2017

# AFRIKAANS

**Paper 9679/04**
**Texts**

**Kern boodskap:**

Die volgende is belangrik om in gedagte te hou vir kandidate om die vraestel suksesvol af te lê:

- Lees die instruksies/vrae deeglik deur om te verstaan wat verwag word.
- Beplan antwoorde goed en maak seker dat alle aspekte van die vraag gedek is.
- Maak seker dat die antwoord analities en argumenterend is en dat die verhaal nie oorvertel word nie.

**Algemene kommentaar**

Die standaard van voorbereiding was van goeie gehalte hierdie jaar. Die meeste kandidate het ŉ goeie insig van die boeke se temas, karakters en storielyn gehad. Die kandidate kon analiseer en redeneer oor die vrae en kon meestal die skrywer se doel met die teks uitlig.

Voorgeskrewe tekste moet deeglik deur die kandidate in ooreenstemming met behulp van basiese letterkundige begrippe analiseer word. Kandidate moet voorts die inhoud van die tekste baie goed ken. Indien laasgenoemde gedoen is, behoort enige kandidaat enige opstelvraag te kan beantwoord. Kandidate moet asseblief nie vooraf uitgewerkte antwoorde verskaf nie, ongeag wat in die vraestel gevra word. Skrifte waarin dit gedoen word, sal altyd slegs baie lae punte ontvang.

Daar moet onthou word dat die antwoorde 500 tot 600 woorde moet bevat. Die kandidate wat minder as dit geskryf het, se antwoorde was gewoonlik gemiddeld. Om punte in ŉ hoë kategorie te kry, moet leerders gewoonlik by die aantal woorde bly, aangesien die antwoord dan deurgaans volledig is en ŉ deeglike kennis van die tekste insluit. Dit is wel moontlik vir leerders om 500 tot 600 woorde te skryf, maar steeds nie die vraag te beantwoord nie en ŉ laer punt te behaal.

Dit is van uiterste belang dat die instruksies baie deeglik gelees en verstaan word. Gelukkig was daar hierdie jaar slegs baie min kandidate wat drie vrae uit een afdeling beantwoord het. Dit wys dat die voorbereiding uitstekend was en dat die instruksies goed gelees is. Maak asseblief seker dat daar steeds in die toekoms klem daarop gelê word dat kandidate twee vrae in een afdeling, asook ŉ addisionele vraag in die ander afdeling moet beantwoord. Daar was hierdie jaar geen kandidate wat vraag **(a)** and **(b)** in dieselfde vraag in plaas van drie verskillende vrae beantwoord het nie.

Daar was ŉ hele aantal kandidate wat nie die vrae behoorlik beantwoord of verstaan het nie, maar slegs die tekste se storielyn oorvertel het. Dit is hierdie jaar meer gedoen as in die verlede. Kandidate moet seker maak dat alle aspekte van die vraag volledig gedek is en moet die vraag weer deurlees nadat hulle dit geantwoord het om seker te maak dat die antwoord volledig is. Kandidate moet ook bewus wees daarvan dat antwoorde en woorde in ŉ ander taal as Afrikaans, geïgnoreer word. Die kandidate moet deeglik voorberei word, dat die eerste deel van ŉ **(a)** vraag in die eerste deel van die vraestel (gewoonlik **i** en **ii**), die korter vrae is en slegs ŉ paar reëls vereis, waar die laaste vraag (gewoonlik **iii**) die langer vraag is en ŉ veel langer antwoord vereis. Daar was verskeie kandidate wat by die laaste deel van die vraag (wat as die langvraag gesien word), slegs een of twee reëls geskryf het en die antwoord dus nie voldoende was nie. Die basiese riglyn is dat die korter antwoorde in die eerste deel van die vraag (**(i)**, **(ii)**) hulle sal help met hulle antwoord in die langer vraag (gewoonlik **(iii)**) en dat die antwoord saam as ŉ geheel gemerk word. Daar was nie genoeg aandag hieraan gegee nie en daar was slegs ŉ klein aantal kandidate wat hierdie vrae heeltemal korrek hanteer het. Oor die algemeen word daar te veel geskryf by die eerste, korter vrae en te min aandag aan die laaste, lang vraag gegee. Kandidtate moet asseblief in die toekoms hierop let.



© 2017

Die kandidate wat beplanning gedoen het voor die vraag beantwoord is, het oor die algemeen beter gevaar. Beplanning is dus belangrik. Dit is egter nie nodig om die beplanning in opstel vorm te doen nie en dit mors onnodig tyd. Breinkaarte is egter ŉ goeie manier om dit opsommend te doen. Die kandidate wat te veel tyd aan beplanning spandeer het, se laaste vrae was onvolledig, heel waarskynlik as gevolg van ŉ tekort aan tyd. Kandidate word egter nie gepenaliseer indien daar geen beplanning is nie.

Die kandidate moet tyd spandeer om die vrae deur te lees en na te dink oor watter vrae hulle die beste kan antwoord. Indien daar by ŉ vraag gevra word of jy saamstem of nie, maak asseblief seker dat kandidate wel duidelik ŉ ja of nee antwoord gee en nie net ŉ verduideliking nie. Sommige kandidate verstaan nie terme soos 'ironie' goed nie, of selfs glad nie, en dit het gelei dat hulle sekere vrae nie goed kon beantwoord nie. Kandidate mag die tekste invat in die eksamen lokaal en aanhalings kan nuttig gebruik word indien dit hulle antwoord staaf.

Die beste kandidate se antwoorde is goed beplan, volg ŉ logiese orde en antwoorde word gestaaf uit die tekste op gepaste wyse. Hulle opstelle word goed georganiseer, daar is kennis van sekere literêre tegnieke en die skrywer se intensie met die teks word verstaan. Hulle toon goeie insigte van karakters en onderliggende temas. Die gemiddelde kandidaat se antwoord is oor die algemeen relevant. Hulle vertel nie net die storie oor nie, maar kan bespreek en evalueer. Daar is goeie fokus op die uittreksel wat verskaf word, al is hulle nie in volle beheer van die materiaal nie. Swakker kandidate vertel gewoonlik die storie oor, of dit wat hulle daarvan onthou/gelees het. Daar word geen poging aangewend om die vraag self te beantwoord nie. Hulle maak aannames, sonder om hulle punt te staaf en dit is gewoonlik baie basiese antwoorde.

Daar is in die verlede genoem dat dit wys is om meer as die minimum van drie tekste te behandel, sodat kandidate al die vrae deeglik kan deurgaan en dan ŉ keuse kan maak oor watter drie vrae aan hulle die meeste punte kan besorg.

## Kommentaar oor spesifieke vrae

### *Afdeling 1*

### Vraag 1

***Die kremetartekspedisie* – Wilma Stockenström**

**(a) (i)** Daar was slegs ŉ klein aantal kandidate wat hierdie teks gekies het. Hulle het oor die algemeen nie ŉ goeie begrip van die teks gehad nie.

**(ii)** Soos **(a)(i)** verlang ook hierdie vraag net ŉ paar sinne.

**(iii)** Aangesien die meeste kandidate nie ŉ goeie begrip van die boek gehad het nie, kon hulle die vraag nie voldoende beantwoord word nie. Hulle kon die tema van slawerny oor die algemeen uitlig, maar kon dit nie altyd van toepassing op die teks maak nie.

**(b)** Daar was slegs ŉ klein aantal kandidate wat gekies het om die vraag te beantwoord. Hulle het die vraag oor die algemeen doeltreffend beantwoord.

### Vraag 2

***Roepman* – Jan van Tonder**

**(a) (i)** Daar was ongelukkig ŉ tikfout in hierdie vraag. Dit was by vraag **(i)** wat die kort vraag was. Die meeste punte word behaal in die tweede deel van hierdie vraag **(ii)**. Daar was egter nie by een kandidaat ŉ probleem met die beantwoording van vraag **(i)** nie.

**(ii)** Hierdie vraag is ook goed beantwoord en die meeste kandidate het ŉ goeie insig gehad oor ouma Makkie se rol in die gesin. Daar was egter ŉ paar kandidate wat slegs ouma Makkie se rol in Timus se lewe uitgelig het en nie in die hele gesin nie. Die beste antwoorde het ouma Makkie se invloed op al die belangrike karakters verduidelik.


© 2017

**(b)** Hierdie vraag het uit drie dele bestaan nl. Gladys se rol as (1) ma, (2) werker en (3) vriendin. Dit was baie belangrik dat alle aspekte van hierdie vraag gedek word. ʼn Aantal kandidate het gesukkel om hier ʼn volledige antwoord te gee. Daar is ʼn paar kandidate wat hulle eie opinies gegee het, wat nie gestaaf kon word uit die teks nie. ʼn Paar kandidate het nie Gladys se rol in die teks bespreek nie, maar haar persoonlikheid geanaliseer. Weereens is dit belangrik om die vrae deeglik deur te lees en seker te maak dat alle aspekte van die vraag gedek word.

**Vraag 3**

***Fiela se Kind* – Daleen Matthee**

**(a) (i)** Party antwoorde was lank en breedvoerig bespreek. Slegs een of twee sinne sou voldoende wees bv.: “Benjamin se eerste indruk van Nina was sleg. Sy het hom geïrriteer en was vuil en aardig”.

**(ii)** By hierdie vraag het ʼn aantal kandidate net die storie oorvertel en nie gefokus op die spesifieke vraag nie. Daar is ook baie aandag gegee aan Benjamin se gevoelens oor Nina (wat korrek is), maar dan word daar niks geskryf oor Nina se mening oor Benjamin nie. Dit was belangrik dat kandidate se antwoorde goed beplan en georden was en hulle die verhouding se verloop kronologies kon beskryf en analiseer.

**(b)** Min kandidate het hierdie vraag beantwoord. Die konstabel was die een persoon wat aan die begin van die roman die besluit geneem het dat ‘die kind’ dood is tydens die soektog. Daardie besluit het ʼn massiewe invloed op die Komoeties/van Rooyens se lewens gehad en die boek/storie volg op die besluit van die konstabel.

***Afdeling 2***

**Vraag 4**

***Die Groot Anders-maak* – Jan Rabie**

**(a)** Daar was slegs ʼn paar kandidate wat gekies het om die teks se vrae te beantwoord. Hierdie vraag is baie goed beantwoord en kandidate het ʼn goeie insig getoon in Keas/Damoeb se verhouding, asook die verloop daarvan. Daar was genoeg aandag gegee aan beide karakters in die antwoorde.

**(b)** Kandidate het baie goed gevaar in hierdie vraag. Meeste kandidate het ook toepaslike voorbeelde uit die teks uitgelig om hulle antwoorde te staaf. Hulle kon ook redeneer oor die moontlike redes waarom dit vir Oasib so belangrik is om vir sy mense en kultuur te veg.

**Vraag 5**

***Mis* – Reza de wet**

**(a)** Daar was verskeie kandidate wat die teks in die algemeen bepreek het en net die storie oorvertel het. Dit was veral belangrik om antwoorde en stellings te staaf met voorbeelde uit die teks, aangesien dit die antwoord meer volledig sou maak. Party kandidate het nie verstaan wat ironie beteken nie en kon dus nie die vraag voldoende beantwoord nie en het slegs die storie vertel. Die ironie lê daarin dat Miem haar dogter wat sy wil beskerm onwetend aan die ‘bose’ probeer afsmeer. Slegs ʼn aantal kandidate het die vraag so beantwoord en geïnterpreteer.

**(b)** Die meeste kandidate het die deel van die vraag oor die sirkusmusiek baie goed beantwoord, maar het gesukkel om die rol van die solder te verduidelik.

**Vraag 6**

***Raka* – N. P. van Wyk Louw**

**(a)** Daar was ʼn aantal kandidate wat hierdie vraag gekies het. Die vraag is goed beantwoord. Kandidate moes die vraag goed lees en Raka se persoonlikheid met die gebied vergelyk en nie net Raka se persoonlikheid verduidelik nie. Hulle moes ook fokus op die gedig as geheel en nie net slegs op die aanhaling nie.


© 2017

**(b)** Hierdie vraag het oor die tema van fisiese krag in die hele gedig gehandel. Kandidate kon ʼn wye verskeidenheid aspekte bespreek. Sommige kandidate het slegs op Raka en/of Koki gefokus. Top kandidate kon dit regkry om ook die belangrikheid van fisiese krag vir die hele stam te bespreek, asook die skrywer se intensie met die tema van fisiese krag uit te lig. ʼn Hele aantal kandidate het ook innerlike krag by hulle antwoorde ingesluit wat nie so relevant tot hierdie vraag was nie. Weereens is die lees van vrae die belangrikste aspek van hierdie vraestel, asook dat antwoorde alle aspekte van die vraag dek.


© 2017